DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

16 Augustus 2020

Lees: Heb 6: 13 – 20; Gen 22: 1 - 12
Teks: Heb 6: 19, 20
Tema: Ons het steeds ‘n vaste hoop.
Sing: Ps 89: 1, 2 ; Sk 18-7: 1, 12

In Hebreërs lees ons van hoop. Die apostel Paulus stel dit duidelik in 1 Kor 13 dat ons lewe uit geloof, hoop en liefde bestaan. Vir baie mense is hoop iets twyfelagtig. Die pandemie waarin ons tans verkeer veroorsaak baie twyfel in mense se lewe. Ons weet nie wat en hoe ons lewe verder geraak gaan word nie.

In die Bybel is hoop ‘n vasstaande saak. Abraham word as voorbeeld gebruik om dit konkreet aan ons te verduidelik. Die Heilige Gees is die geestelike hande wat aan God se belofte vasgryp. Abraham kry ‘n belofte en die opdrag om te trek na ‘n plek wat God vir hom sal wys. Hy het niks wat konkreet is nie, net God se woord. En hy trek in die geloof. Hebreërs 11 leer dit vir ons. Sonder geloof is daar niks.

Die Here gee vir ons ‘n vaste belofte dat Hy vir ons ‘n plek voorberei het waar daar geen pyn, siekte, pandemie, bekommernis, depressie of hartseer en teleurstelling sal wees nie. Oppad na daardie huis, sal Hy saam met ons wees van ons geboorte tot by ons sterfdag. Te midde van al die gebeure op aarde, waarin die mense se sondige natuur deurslaan, sal Hy ons dra in Sy Vaderarms tot in die ewige lewe.

Ons hoop staan in Hom vas en seker. Die Bybel noem dat dit veilig en onbeweeglik agter die voorhangsel vas is. Dit beteken dat die anker buite onsself is. Ons het geen onsekerheid nie. Die voorhangsel was die swaar gordyn wat tussen die heilige en allerheilige in die tabernakel en later die tempel in Jerusalem, gehang het. Toe Jesus aan die kruis uitroep: “Dit is volbring”, het die gordyn van bo na onder geskeur as bewys dat die sonde versoen is.

Jesus Christus hou ons emosioneel stabiel wanneer alles om ons wankel. Hy is ons anker. Hy hou ons veilig. Ons anker van hoop keer die kleingeloof en moedeloosheid wat ons geestelik kan laat sink. Ons word op die sekerheid gewys: Ons anker is in die hemel. ‘n Skip se anker val na onder om op die bodem vas te hou en die passasiers veilig te hou.

Gelowiges se anker is in die hemel in Christus, waar ons ewige en volmaakte toekoms is. Alles op aarde is tydelik en verganklik. Alles breek en gaan tot niet. Ook ons liggame gaan uiteindelik tot niet. Die skrywer druk ons dit weer op die hart: God is onveranderlik, ewig en onverganglik. Hy kom elke belofte na en kan nie vergeet nie.

Ons lewensskip is in 2020 aan baie veranderlikes onderworpe. Die uitwerking van die pandemie kan nog jare ‘n effek op ons lewe hê. Ons kry vandag weer die belofte: Jou bestemming staan vas. Jou tuiskoms is verseker in die geloof dat Jesus opgestaan het en opgevaar het. Hy is Priester en Koning tot in ewigheid.

In al ons vrese en pyn dra God ons belange in Sy barmhartige Vaderhart. Niks kan ons van Hom losskeur nie. Hou aan om ander na die lewensanker van hoop te lei.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Zoë Erasmus wat van 12 Augustus daagliks bestraling ontvang. Ons bid vir die Here se ontferming en bystand vir die volgende 3 weke.
* Ons bid vir Gerhard Maritz wat DV Woensdag 'n verdere operasie aan sy voorkop ontvang. Sterkte vir julle en veilig ry.
* Ons bid vir Hennie en Julie Oelofse wat ook deur 'n moeilike tyd gaan.
* Die dokter het weer aan Heidi de Villiers se voet gewerk. Ons bid vir spoedige beterskap.
* Tannie Elsie Korff het die virus opgedoen en was vir 10 dae in die Provinsiale hospitaal. Sy sterk verder by Ons Tuiste aan.
* Ons wens die Carstens familie baie geluk met die doop die naweek. Ds Izak bedien die doop aan klein Alwyn Jacobus op Hoedspruit.
* Baie sterkte vir al ons kinders, ouers en onderwysers in die tyd. Die uitdagings bly groot. Seënwense vir elke leerder. Ook vir al ons studente.
* Ons dink aan almal wat onder die gevolge van die pandemie gebuk gaan. Mag die Here ons behoed en bewaar.

## MEDIAKOMMISSIE

Die mediakommissie wil die gemeente inlig dat die preke van Ds. Sarel nou ook op You Tube beskikbaar is. Gemeentelede moet vanaf hulle slimfoon, tablet of rekenaar slegs op YouTube gaan en inteken op "***GKSA Pietersburg***" om die preke te volg. Hou net ingedagte dat dit data of WiFi benodig.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor weer oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## DIAKONIE

* Die diakonie wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die gemeente te bedank vir hulle ondersteuning aan die diakonie tydens die Covid—19 pandemie, sonder die gemeente se finansiële hulp sou die diakonie nie met hulp ampswerk kon voortgaan nie.
* Die diakonie doen ook 'n beroep op die gemeente vir senkings vir die aankoop van formule melk vir jong babas binne ons gemeente wat nog te jonk is vir ander voedsel soorte.

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.
**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| * 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer | | | |
| Sondag 16 Aug | Nia Schutte<br>Louis Van Wyk | D<br>B | 083 750 7787<br>084 2511507 |
| Woensdag 19 Aug | Vleis Potgieter<br>Alta Van Ree | B<br>D | 084 505 3830<br>079 507 4563 |
| Donderdag 20 Aug | Karin Du Rand<br>***Sussie Potgieter **** | B<br>B | 072 355 5283<br>082 971 3516 |
| Vrydag 21 Aug | Rehana O'Reilly | B | 072 757 5413 |
| Saterdag 22 Aug | Wilna Van Der Merwe | B | 079 519 7600 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 19 Augustus 1995 | Tom en Ansie Roets | 25 | 072 033 9420<br>082 852 4509 |

<table>
<tr><td><u>Preke en Die Basuin :</u><br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za</td><td><u>Kerkkantoor</u><br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure<br><br><br><u>Bankbesonderhede</u><br>Kerkkas<br><br><br>Diakonie<br><br><br>Koningskinders<br><br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg<br><br>Aktiwiteitskommissie</td><td rowspan="2">Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens<br><br>ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784</td></tr>
<tr><td><u>Koster</u><br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br><u>Orreliste</u><br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100</td><td></td></tr>
</table>

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen.  Sien bankbesonderhede hierbo

Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is. Daar het Jesus, ons Voorloper, ter wille van ons ingegaan, en Hy is vir ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek.

Hebreërs 36: 19—20

